WEEK 5 EN 6

# AKTIWITEITE VIR GOD SE WAPENRUSTING

Gebruik 'instant pudding' of enige ander soortgelyke kossoorte. Baba moet dan - onder toesig! - tandestokkies in die baksel druk. Sit nou foelie oor die baksel. Baba moet steeds probeer om die stokkies in te druk. Die foelie stel die wapenrusting voor wat ons beskerm.







Plaas 'n beertjie agter jou kind. Rol dan balletjies na die beertjie toe. Jou kind moet die balletjies probeer vang voor dit by die beertjie uitkom.

Water gevel. Mamma/Pappa kry altwee 'n spuitbottel met water in en 'n stuk karton. Die doel van die speeletjie is om te kyk wie kom die droogste daar uit. Probeer mekaar nat spuit, wanneer jy agter die karton is dien dit as beskerming en bly jy droog.







Gebruik poolnoodles en staan op kussings. probeer om mekaar van die kussings af te kry deur die poolnoodles as swaarde te gebruik. Die Swaard van die Gees sal altyd wen.

Bou die wapenrusting van God uit foelie uit. Die kleintjies moet dit dan aantrek en probeer onthou wat elkeen beteken. Nou kan daar eers lekker soldaat soldaat gespeel word!

